

# Nasionale Boerboelskou-finaliste



Bron: Webredakteur  
Datum: 17 Oktober 2007

Minstens 250 van die beste onder die beste van Boerboele kom op Saterdag 17 November in Parys in die Vrystaat byeen om aan die Nasionale Boerboelskou Kampioenskappe deel te neem. Dit is 'n geleentheid wat geen Boerboel-entoesias, of iemand wat in hierdie unieke Suid-Afrikaanse honderas belangstel, mag mis nie.

Streekskoue is sedert 8 September in ses provinsies gehou om die tophonde in 24 kategorieë aan te wys.

Klik hier om die streekresultate te sien:

- [Noordwes \(20070908\)](#)
- [Wes-Kaap \(20070909\)](#)
- [Vrystaat \(20070915\)](#)
- [KwaZulu-Natal \(20070922\)](#)
- [Oos-Kaap \(20070929\)](#)
- [Gauteng \(20071006\)](#)

Die beste drie honde in elke kategorie by die streekskoue is genooi om aan die Nasionale Kampioenskappe deel te neem. Dit word by die Binnenshuise Skougronde (Afridome) gehou en begin om 10:00. Aanwysings sal by alle toegangsroetes tot Parys aangebring word.

Die SABT het reeds uitnodigings aan die eienaars van al die streekfinaliste gestuur. Die reëls vir deelname is basies dieselfde as vir die streekskoue. Spesifieke reëlings is dat:

- Eienaars deelname voor 22 Oktober, wanneer die katalogus ter perse gaan, met Lood Mienie (*kontakbesonderhede hieronder*) moet bevestig;
- Die registrasiegeld van R50,00 per hond van 09:00 op die oggend van die skou betaalbaar is;
- Finaliste net in die klasse waaraan hulle by die streekskoue deelgeneem het mag registreer;
- Sub-Junior-klasfinaliste (6 weke – jonger as 9 maande) ook mag deelneem.

Die verrigtinge word met 'n braai afgesluit, waarheen die SABT alle deelnemende eienaars en ondersteuners nooi. Die koste is R60,00 per persoon. Drinkgoed sal ook te koop wees. Kontak asseblief vir Lood Mienie voor 22 Oktober by [cabaretboerboel@yahoo.com](mailto:cabaretboerboel@yahoo.com) of 082 925 2388 vir spysenieringdoeleindes.

Volgens Helgaardt Mostert, sameroeper van die Oos-Kaapse en Nasionale skoue, het Montego Classic - die SABT se hoofborg van keurings vir etlike jare - 'n sleutelrol in die sukses van die 2007-skoue gespeel. 'Die SABT-raad is opreg dankbaar vir Montego se mildelike finansiële bydrae en borgskap van lokale, hondekos vir die wenners, sowel as die medaljes vir die eerste-, tweede- en derdeplek kategoriewenners.' Hy het ook die vele individue wat die wentrofeë geskenk het, bedank. Al die borge sal in die skouverslag erken word.